# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**NOVEMBER 2014**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.


***STERKTE!!!***

## AFDELING A : BEGRIPSTOETSE

**Lees elke keer deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

### Vraag 1: Klein lyf, groot hart






Nie net is sy nou amptelik die kortste vrou ter wêreld nie, maar ook die kleinste volwasse rasieleier op ons planeet. Daarby hou sy saam met haar kleinboet ook die wêreldrekord vir die kortste broer en suster op aarde.

Met sy lengte van 98 cm is Brad Jordan (20) sy sus Bridgette (22) darem 'n kortkop voor. Sy is net 69 cm lank wanneer sy haar skoene uitskop.

"Ek hoop ons rekords sal 'n bietjie help om mense te laat besef dis oukei om anders te wees," sê Brad, wat ook die wêreld se kleinste gimnas is.

Die twee is gebore met Majewski osteodisplastiese primordiale dwergisme tipe II. Hulle woon saam met hul ouers op Sandoval, 'n Amerikaanse dorp met 'n bevolking van net 1 200 mense. Albei loop klas by die Kaskaskia-kollege in Sentraal-Illinois.

Brad is baie sportief. In 2009 was hy Illinois se gimnastiekkampioen in vloerbewegings. Hy doen graag karate en speel basketbal, al word die net vir hom 'n bietjie laer gestel as die een waarna hemelbesems mik.

Bridgette sukkel om te loop weens 'n verkromming van haar ruggraat en knie- en heupafwykings. Tog waag sy dit graag op die dansbaan en is sy ook 'n dirigent by sportgeleenthede. Wanneer haar mederasieleiers haar in die lug opgooi, lyk sy soos 'n lewende pop wat grasieus deur die lug tol.

"Almal moet in hulself glo," verduidelik Bridgette in 'n piepstemmetjie waarom sy ondanks alles so 'n gesonde selfbeeld het. *"It's great to be small,"* skerts sy oor haar nuwe Guinness World Record-titel.

Daarmee het sy die 72 cm lange Elif Kocaman van Turkye as die wêreld se kortste vrou onttroon. Die kortste vrou wat nog geleef het, was die Nederlander Pauline Musters. Sy was 61 cm lank en is in 1895 op 19 aan longontsteking dood.

BY GEBOORTE het Bridgette, of Bri soos almal haar noem, maar 793 g geweeg en was sy 31,7cm lank, net 'n raps langer as 'n liniaal. Haar ma, Christy, was al swanger met Brad toe dwergisme by Bri gediagnoseer is.

"Die dokters het gesê daar is net 'n 20-persent-kans dat ek nog 'n kind met primordiale dwergisme sal hê," vertel Christy, 'n verpleegkundige.

Tydens haar swangerskap het sy haar bly bekommer of Bradley ook 'n dwerg sou wees.

"Ek het gebid hy moet groot wees en ek het gebid hy moet klein wees, want dan het Bridgette iemand soos sy.

"Maar as hulle albei groter was, sou die lewe vir hulle makliker gewees het," voeg sy by.

Brad het by geboorte 907 g geweeg en was 34,2 cm lank. Hy en Bri het 'n ouer suster van 'n normale lengte. Dié se eie kind is nog 'n kleuter, maar is klaar langer as Bri.

Om twee dwergkinders groot te maak stel veel groter eise aan 'n ouer as 'n normale kind, sê Christy.

Soos haar kleinboet laat Bri haar deur niks onderkry nie. Albei kan self hul spesiaal aangepaste motors bestuur.

Die twee bewys jy hoef nie groot te wees om groot te droom nie.

As jy Brad vra hoe dit voel om 'n dwerg te wees, antwoord hy dadelik: "Koel!"

Kom hy goed oor die weg met sy suster? "Sy is gemeen met my," kla hy.

Is dit waar dat hy eendag 'n professionele basketbalafrigter wil word? "Ja, vir die tuisspan, Illinois."

Maar moet 'n mens nie dan baie lank wees nie? "Nee wat. Ek kan enigiets doen wat ek wil. My sussie ook . . ."

Bri droom op haar beurt daarvan om eendag met 'n gesin te begin.

"As ek ouer is, wil ek graag kinders hê – drie. En ek sal nog een aanneem. Dan sal daar heel moontlik vier wees. Ek sal hulle wil help en sorg dat hulle nie in die moeilikheid beland nie," gesels sy.

Uit: *Huisgenoot*, 27 Oktober 2011 (effens verkort)

**Woordeskat:**

Amptelik - officially
Volwasse – grown-up
sportgeleenthede – sport functions
Bevolking – population
Sportief – sporty
Vloerbewegings – floor movements
Hemelbesems – tall people
verkromming – crooked
ruggraat – spine
heupafwykings – hip displacements
dansbaan – dance floor
dirigent – conducter

Rasieleier – cheerleader
kleuter - todler
selfbeeld – self image
skerts - joke
onttroon – de-throned
longontsteking – lung infection
geboorte - birth
liniaal - ruler
swanger - pregnant
verpleegkunde -nursing
aangepaste – adapted

Vrae:

1.1 Noem twee dinge waarvoor Bridgette die rekord hou. 2

1.2 Haal sewe opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê watter rekord sy en haar broer hou. 1

1.3 Aan watter sport neem Brad baie suksesvol deel? 1

1.4 Gee die volle naam vir die siekte waaraan Bridgette en Brad ly. 1

1.5 Gee die naam van: (a) die dorp en
(b) die land waar Bridgette en Brad woon. 2

1.6 Noem twee ander sportsoorte waaraan Brad deelneem. 2

1.7 Gee een rede waarom Bridgette sukkel om te loop. 1

1.8 Kies die mees gepaste antwoord en skryf dit neer.

1.8.1 Bridgette hou ook daarvan om te ___.

- Sing
- Dans
- Ski

1

1.8.2 Bridgette het 'n ___ stem.

- Sterk
- Harde
- Fyn

1

1.9 Sê of die volgende stellings WAAR/ONWAAR is. Haal aan om jou antwoord te staaf.

1.9.1 Dit is vir Bridgette 'n groot probleem om so klein te wees. 2

1.9.2 Die kortste vrou ooit was 50cm lank. 2

1.10 Wat was die kans dat Bridgette en Brad se ma twee kinders met dieselfde siekte sou hê? 1

1.11 Beskryf Bridgette en Brad se ouer suster. 1

1.12 **Bridgette en Brad kan nie motors bestuur nie.**


1.12.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? JA/NEE? 1

1.12.2 Haal 'n sin aan as bewys van jou antwoord. 1

1.13 Wat is Bri se toekomsdroom? 1

[21]

<u>Vraag 2</u>: **Só lyk Generasie Z**




Uit: *Rapport*, 19 Oktober 2014

Vrae:

2.1 Waarvoor is Mark Zuckerberg bekend? Gee een woord as antwoord. 1

2.2 Watter prys het Malala Yousafzal gewen? 1

2.3 In watter ouderdomsgroep val "Generasie Z"? 1

2.4 Watter persentasie van mense voel optimisties oor hulle toekoms? 1

2.5 Watter tydverdryf het 51% tienerseuns? Gee net die woord. 1

2.6 Noem een bron wat gebruik word vir skooltake. 1

2.7 Sê of die volgende stelling WAAR/ONWAAR is. Haal aan om jou antwoord te bewys.

2.7.1 Die meeste tieners gee nie om dat daar baie mense is wat hongerly nie. 2

2.8 In watter ***jaar*** is hierdie steekproef (survey) gedoen? 1


[9]

TOTAAL VIR AFDELING A: 30

**AFDELING B: OPSOMMING**

Vraag 3

- **Lees die onderstaande artikel noukeurig deur.**
- **Som die wenke vir "Krag vir die skooljaar" in *SEWE* sinne op.**
- **Skryf elke wenk in 'n volsin oor.**
- **Laat 'n reël tussen die sinne oop.**
- **Skryf die sinne puntsgewys van 1-7 onder mekaar neer.**
- **Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.**
- **Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.**




## Jong skrywer se prioriteite is reg

1. Enige ouer sal trots wees op hierdie talentvolle meisie wat op dertien al 'n boek geskryf het. Dié boek is deur Oxford University Press gepubliseer en is nou in laerskole in die Limpopoprovinsie voorgeskryf. Hoe het dit alles begin?

2. "Ek het in graad 8 aan 'n boekskryfkompetisie deelgeneem. Ek het besluit om 'n boek met die titel *Saved by 'n Mamba* te skryf. My suster het vir my gelag toe sy hoor wat ek beplan. Sy het gespot: Jy is te jonk om iets betekenisvols te skryf."

3. "Wat sy nie besef het nie, is dat haar woorde my gemotiveer het, want ek wou haar verkeerd bewys," sê die tienermeisie van Makhado.

4. "Dit is snaaks dat ek 'n slang gekies het om die seun in my storie te red, want ek haat slange, maar ek wou die boodskap oordra dat daar ook goed in elke euwel is."

5. Muneiwa Ramantswana is 'n gedissiplineerde leerder. Sy studeer gewoonlik tot eenuur in die oggend en word om halfvyf wakker om reg te maak vir skool. Haar skool is in Thohoyandou, wat omtrent 40 kilometer ver is. Sy begin om vyfuur stap om die bus te haal.

6. "My ouers is baie streng. Ek mag net in die vakansie TV kyk, want die meeste van die tyd moet ek studeer. Ek is nou gewoond aan dié lewe. Ek het eers gedink my ouers was onregverdig (unfair) omdat ek nie met my maats op straat kon speel en kuier nie, maar nou weet ek hulle het my net beskerm (protect) teen die gevare van die wilde lewe van dwelms en misdaad op straat."

7. "Hulle probeer my ook beskerm teen probleme soos swangerskap en VIGS," sê die meisie wat graag medies aan die Universiteit van Kaapstad wil studeer as sy klaar met skool is.


*(Vertaal uit The Star, 16 Augustus 2001)*

TOTAAL VIR AFDELING B: 10

**AFDELING C: TAALWERK**

A. <u>Sinstrukture</u>

Bestudeer die onderstaande prent en voer dan die opdragte uit. **Skryf elke keer die sin uit.**



© Can Stock Photo - csp9387767

Vraag 4:

**4.1** Skryf die volgende sinne oor in die korrekte **WOORDORDE**.

4.1.1 Die kinders (op die strand, speel, heerlik, vandag.) 1

4.1.2 Die son ( warm, het, op die kinders, geskyn.) 1

**4.2** Skryf die volgende sinne oor in die **VERLEDE TYD**.

4.2.1 Die meisie wil eers 'n heerlike roomys eet. 2

4.2.2 Die een seun het 'n vreeslike hoofpyn. 2

4.2.3 Ek herken die een seun. 2

4.2.4 Die kinders swem eers, dan skop hulle die bal. 2

**4.3** Skryf die volgende sinne oor in die **TOEKOMENDE TYD**.

4.3.1 Die strand is vol mense. 2

4.3.2 Die kinders het baie speelgoed by hulle. 2

**4.4** Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** in hakies.

4.4.1 Dit is baie warm. Almal sit onder die sambreel. (daarom) 1

4.4.2 Al die kinders is gelukkig. Hulle kan op die strand baljaar. (omdat) 1

**4.5** Skryf die volgende sinne oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

4.5.1 Bou 'n sandkasteel! 2

4.5.2 Het jy al ooit so mooi meisie gesien? **Begin so: Nee, ...** 2

**4.6** Skryf die volgende sinne oor in die **INDIREKTE REDE**.

4.6.1 Die seun sê: "Ek wil strandsokker speel." 2

4.6.2 Die meisie vra: "Wie het die sonbrandolie onthou?" 2

**4.7** Skryf die volgende sinne oor in die **LYDENDE VORM**. Begin met die onderstreepte deel.

4.7.1 Die kinders speel 'n sokkerwedstryd op die strand. 2

4.7.2 Die meisie het 'n handdoek onder die sambreel oopgegooi. 2

**4.8 STEL DIE VRAAG** sodat die onderstreepte deel jou antwoord is.


4.8.1 Die kinders speel heerlik op die strand. 1

4.8.2 Die seuns het met branderplanke in die see baljaar. 1

[30]

B. Woordstrukture

Bestudeer die onderstaande prent en volg dan die instruksies. **Skryf elke keer net die NOMMER en die ANTWOORD neer.**



www.shutterstock.com · 67263718

Vraag 5

**5.1** Vul die korrekte **LEES- en SKRYFTEKENS** in.

5.1.1 die kind se ek skryf vandag 'n afrikaanse eksamen 1

5.1.2 vir die eksamen het ons 'n pen potlood uitveer liniaal nodig 1

**5.2** Vul die korrekte **VOORNAAMWOORDE** in.

5.2.1 Die seun tel **(his)** pen op en ___ begin skryf. 2

5.2.2 'n Mens moet altyd ___ beste doen. 1

**5.3** Kies die korrekte **BETREKLIKE VOORNAAMWOORD** in hakies en skryf dit neer.

5.3.1 Die meisie (wie/wat) so slim is, sit heel voor. 1

5.3.2 Die seun van (wie/wat) sy hou, sit net agter haar. 1

**5.4** Vul die korrekte **VOORSETSELS** in die oop spasies in.

5.4.1 Hy skryf die antwoorde ___ die antwoordboekie. 1

5.4.2 Almal gaan ___ eenuur huis toe. 1

**5.5** Skryf die **AFKORTING** in hakies voluit.

5.5.1 Jy moet die (antw.) voluit skryf. 1

5.5.2 Hy het (d.m.v) studiegidse, goed gedoen. 1

**5.6** Skryf die **TYD en GETALLE** voluit neer.

5.6.1 Die eksamen het om (8.30) begin. 1

5.6.2 Die seun het (1e) in die klas gekom. 1

**5.7** Gee die korrekte **TRAPPE VAN VERGELYKING** vir die woorde in hakies.

5.7.1 Sy hoop om (hoog) punte as verlede keer te kry. 1

5.7.2 Die kind is die (tevrede) met sy Afrikaanse punte. 1

**5.8** Gee die korrekte **MEERVOUD** vir die woord in hakies.

5.8.1 Dis beter om baie (vrug) te eet. 1

5.8.2 Daar is baie (vraag) om te antwoord. 1

**5.9** Gee die **VERKLEINWOORD** vir die woord in hakies.

5.9.1 Daar wag 'n klein (present) vir jou as jy goed doen. 1

5.9.2 Sy hou 'n klein (foto) van hom by haar. 1

**5.10** Vul die korrekte **INFINITIEF** in die oop spasies in.

5.10.1 Hy hou daarvan ___ na musiek ___ luister. 2

**5.11** Gee een woord vir die volgende stellings.

5.11.1 'n kind wie se ouers dood is. 1

5.11.2 om goed in winkels te gaan koop. 1

[23]

TOTAAL VIR AFDELING C: *[53] VERWERK NA* **[40]**

SOMTOTAAL : 80